
AMOS 5:21-27 : GODSDIENS WAT GOD NIE BEREIK NIE

No. E262

Amos skets in hoofstuk 5 'n volk wat sê dat hulle aan die Here behoort. Maar niks in hulle lewens bevestig hulle aanspraak nie.

Die profeet bou sy aanklagte rondom dit waarvoor Bet-El en Berseba en Gilgal staan, en toon dan dat Israel hopeloos misluk in hulle aanbiddingsroeping. Ons het reeds na Bet-El en Berseba gekyk. Nou kyk ons hier in v.21-27 na Gilgal - die plek wat staan vir "erfenis", "besitname" en "verowering".

Godsdienstigheid - *ad nauseam*

Die volk was baie godsdienstig en elke jaar was daar 'n hele paar godsdienstige feeste. Vers 21 praat van feeste en feestye; vers 22 van brandoffers, spyoffers en dankoffers; en vers 23 van liedere begelei met harpe.

Mens kan as 't ware die musiek hoor! Maar nie Jahweh nie. Vir Hom is dit net 'n geraas, 'n rumoer. Trouens, daar is beswaarlik verse in die Bybel waaruit daar meer afsku drup - Goddelike afsku. Vers 21 praat van "haat", "verafsku" en "geen welgevalle". Vers 22 praat twee keer van "geen welgevalle". En in vers 23 sê die Here "Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie!"

Let daarop dat die volk se godsdienst veel van hulle geverg het. Hulle was pligsgetrou, ten spyte daarvan dat dit duur was. Al die offerdiere en reise moes 'n fortuin gekos het. En moenie dink hulle was halfhartig nie; nee, dit alles was vir hulle baie belangrik! Maar, natuurlik, hulle het dit waarskynlik emosioneel uiters bevredigend gevind.

Maar vir Jahweh het dit nie bereik nie; in elk geval het dit Hom geensins aangestaan nie. Daarom was hulle godsdienst tevergeefs - absoluut futiel. Dit was soos Kain se godsdienst (Gn 4:3-7).

Hoewel Israel se situasie dus skokkend was, was dit nie uniek nie. Van die vroegste tye af tot vandag toe, was daar tragies baie sulke godsdienst - indrukwekkende vroomheid wat op die oog af na die ware Jakob lyk, maar wat futiel is, omdat dit nie by God se troon uitkom nie. Ons praat nie van die valse godsdienst nie, maar van godsdienst wat daarin roem dat die God van die Bybel aanbid word; trouens, wat daarop aandring dat Hy in absolute regsinnigheid aanbid word.

Wat Israel se sonde des te erger gemaak het as die nasies s'n, is die feit dat hulle die godsvolk was. Hulle het al 'n klomp openbaring van Hom ontvang, en hoe dikwels het hulle nie Sy goedheid, beskerming en versorging aan eie lyf gevoel nie.

Israel se mislukking

Vers 24 begin met "maar". Hier het ons die leidraad tot die raaisel. Hier kan ons verwag om die vermiste skakel te vind.

Die woord "rol" (OAV) in v.24 is afgelei van dieselfde Hebreëuse stam as Gilgal (Hb *galal*). As mens na Jos 5:9, waar dieselfde woord gebruik word, in verskillende vertalings kyk, raak die betekenis daarvan duidelik (miskien is die NIV die duidelikste).

Wat die Here dus vir Israel sê, is: "Ja, julle gaan gereeld en getrou Gilgal toe - die plek wat "rol" beteken - maar daar is 'n rol wat julle vergeet: *die aanrol van reg en geregtigheid*."

Hier word dus 'n prentjie van godsdienst geskets wat nêrens kom nie. Nog meer, dis 'n godsdienst wat elke keer by Gilgal agtergelaat word. Daarom stink dit vir Jahweh! Dis wat v.21b se "geen welgevalle" suggereer (NIV: "I cannot stand your assemblies").

Wat is die reg en geregtigheid wat Israel nalaat? In 5:7 lees ons dat hulle dit nalaat en verag en vertrap. Die "reg" het te doen met 'n mens se gedrag teenoor jou medemens. En die "geregtigheid" het te

doen met daardie norme wat God opgerig het. Dit het m.a.w. te doen met dit wat reg is in God se oë. Kyk mens na Amos 6:12b sien jy dat "reg" die vrug of uitvloeisel is van "geregtigheid".

Wat het hulle dus nagelaat? *Morele optrede, oftewel gehoorsaamheid aan God se standarde*.

Jer 7:9-11 (NAV) beskryf hierdie soort godsdienst. Die Here beskuldig die volk dat hulle van Sy huis 'n rowerspelonk maak. Dit het vir hulle 'n plek geword waar hulle as 'n klomp misdadigers wegkruip. Dis uiterste huigelagtigheid!

Nee, wat die Here by hulle soek, is die teenoorgestelde (v.24). Die beelde wat Hy gebruik, spreek van oorvloed ("golwe") en onafgebrokenheid ('n "standhoudende stroom").

Godsdienst wat dus nie uitmond in oorvloedige en standhoudende gehoorsaamheid aan God se Wet nie (en dit sluit beslis die tweede tafel van die wet in), is betekenisloos, tevergeefs en futiel.

Dit val in v.22 op dat enige verwysing na *skuldoffers* en *sondooffers* afwesig is. Die volk se probleem is dat hulle God en hulleself nie regtig ken nie. Hulle ken nie Sy heiligheid en hulle eie sondigheid nie. Dit maak die ander offers nie net tevergeefs nie, maar ook huigelagtige gruwels. Waarom? Die *brandoffer* het gestaan vir totale oorgawe aan die Here, en die *spyoffer* vir gemeenskap met God - en hoe kan hierdie dinge waar wees sonder diepgaande bekering en sondebelydenis?

Sinkretisme en wegvoering (v.25 & 27)

Israel se godsdienst was nie net 'n mislukking en huigelagtig nie, maar ook 'n uittarting van God. Dit was deurspek van sinkretisme. Dis was vermeng met afgodery.

Daarom vergelyk die profeet hulle huidige godsdienst met dié tydens die uittog. Toe het hulle ook hulle offerdiens vermeng met afgodery. Toe ook het hulle nie geoffer soos hulle moes nie. Sinkretistiese godsdienst was dus nie vir hulle 'n nuwe ding nie. En nou is hulle weer daarmee besig.

Sikkut en Kijun (v.26) was Assiriese afgode. Op

een of ander manier het hulle te doen gehad met die sterre en die planete.

Lank voordat hulle stede dus deur Assiriese soldate beset sou word, was die Assiriese gode al in hulle harte!

Maar nou het Jahweh se geduld opgeraak met hulle. Daarom gaan hulle weggevoer word in ballingskap. Waarheen? Al wat hier gesê word, is dat dit ver verby Damaskus sal wees. Hosea sou die eerste profeet wees wat Assirië by die naam sou noem (Hos 9:3; 10:6; 11:15).

Twee wegvoerings

Die noordelike tien stamme - Israel - is uiteindelik in 722 v.C na Assirië weggevoer. En van daar was daar nooit 'n formele terugkeer nie. Hoewel daar mettertyd sekerlik individue teruggegaan het na die land van die verbond, kan ons aanvaar dat die oorgrote meerderheid van hulle mettertyd heeltemal verheidens het. Waarlik, die oordele van die Here is geen grap nie!

Die suidelike tweestamme-ryk - Juda en Benjamin - sou natuurlik ook uiteindelik in ballingskap weggevoer word - na Babilon toe in 586 v.C. (136 jaar later). Daar was, trouens, twee vroeëre Babiloniese wegvoerings (waarvan Daniël en sy vriende, asook Esegïel deel was). Hier in Babilon is die volk grootliks deur Jahweh bewaar, sodat hulle nie verheidens het nie. En daarvandaan was daar wel 'n formele terugkeer 'n paar dekades later.

Enkele punte van toepassing

1. Israel was vir baie jare ontrou aan die Here voordat dit so erg geraak het dat Hy hulle in ballingskap laat wegvoer het. Voor die tyd het die volk seker gedink - die wat hoegenaamd daaroor gedink het - dat Jahweh óf nie bewus was van hulle kat-in-die-donker-knypery nie, óf, as Hy wel daarvan geweet het, dit nie eintlik teen hulle gehou het nie. En só het hulle sekerlik hulleself wysgemaak dat

hulle oortredings nie te ernstig kan wees nie.

Maar so duidelik soos daglig is dit dat dit Hom wel geweldig vertoorn het - tot so 'n mate dat hulle, toe dit nie langer so kon voortduur nie, 'n verskriklike prys daarvoor moes betaal.

Wat eweneens waar is, is dat Jahweh baie vroeër reeds Sy profete na die volk toe gestuur het om hulle te waarsku en tot bekering op te roep. Maar hieraan het die volk hulle bloedweinig gesteur.

Laat ons maar goed onthou dat God nie verander het nie! Is daar dalk sonde in jou lewe waarvan jy balhorig weier om jou te bekeer. Laat hierdie stuk geskiedenis vir jou 'n waarskuwing wees. Moenie met bekering wag totdat dit te laat is nie.

2. Hierdie gedeelte stel nog 'n vraag aan ons almal: Is reg en geregtigheid die oorvloedige en standhoudende uitvloeisel van ons godsdien en dissipelskap? Indien nie, is al ons religieuse inspanning futiel. Laat ons onself onverwyld bekeer van enige selfbedrog. Ons godsdiensoefening is in so 'n geval nie net tevergeefs nie; dis hemelskreiende huigelagtigheid.

3. Vergelyk Israel se godsdien met die Here Jesus se lewe en lering.

As mens aan die skrifgeleerdes en Fariseërs dink, is een van die eerste dinge wat by jou opkom, hulle huigelagtigheid. Vir die pawiljoene het hulle heeldag gespeel. En teen watter sonde het Jesus Hom meer dikwels en skerper uitgespreek (vgl. Mt 23)?

Daarenteen, neem mens die Here Jesus se lewe onder die loep, sien jy 'n volmaakte en gebalanseerde uitdrukking van reg (Sy horisontale menseverhouding) en geregtigheid (Sy vertikale verhouding met Sy hemelse Vader). En in Sy uitlewing hiervan het 'n mens nooit 'n enkele vraagteken in jou gemoed oor Sy opregtheid en integriteit nie. Nooit het jy enige neiging om Hom van huigelagtigheid te beskuldig nie.

Baie duidelik roep God se Woord ons op om Hom hierin na te volg so goed ons kan. En tot die

mate wat mens daarin slaag, tot daardie mate lewe jy soos God wil. In 'n sin is mens hier by die hart van wat 'n heilige lewe behels.

4. Dink mens verder oor Christus se lewe, kom staan Sy geregtigheid - Sy onkreukbare gehoorsaamheid in alles aan Sy hemelse Vader - onmiddellik voor jou. Selfs Sy oorgawe om die kruisdood te sterf, was nie ten diepste ter wille van geliefde sondaars nie, maar in gehoorsaamheid aan Sy hemelse Vader - om Sy geregtigheid te bevredig en om sondaars wat Hy uitverkies het te verlos.

In Sy lewe sien ons dus Godgesentreerdheid en diensbaarheid onskeibaar verweef. En hierin moet ons Hom navolg. Só lyk 'n lewe van geregtigheid.

5. Dit waaroor ons in hierdie toepassings praat, is die essensie van Godgesentreerdheid. En laat ons goed besef, dis nie iets wat opsioneel is nie. Dis nie maar bloot 'n bepaalde teologiese beskouing nie. Hier begin en eindig alles in die Christelike lewe!

Dit gaan oor Hom - Sy plan, Sy eer.

En ter wille van Hom, gee ek myself dan vir my naaste, by uitnemendheid vir my broers en susters. Só, meer as op enige ander manier, volg ek in Sy voetspore. Só versier ek die evangelie - Sy evangelie. En só sal ek die evangelie versier en ongelowiges laat verstaan dat die outentieke Christelike geloof radikaal verskil van die godsdienste van hierdie wêreld (met alle hulle haat en jaloesie en wettisisme).

En ongelowiges sal dors kry - soos niks anders hulle kan dors maak nie!

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekkopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906